



Privaatheidsverklaring van die Vergoedingsfonds

Die Vergoedingsfonds (ons) het 'n wetlike mandaat ten opsigte van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes Nr. 130 van 1993 (hierna die WVBBS genoem) om vergoeding te gee vir ongeskiktheid wat veroorsaak is deur beroepsbeserings of siektes wat opgedoen is deur werknemers of vir die dood wat veroorsaak is deur beserings of siektes en om te sorg vir sake wat daarmee verband hou. Ons streef daarna om doeltreffende, kwaliteit, kliëntgerigte en toeganklike Vergoeding vir Beroepsbeserings, Siektes (VBBS) te lewer.

Om sy doelwitte soos hierbo uiteengesit word, te bereik, moet die Vergoedingsfonds inligting versamel en gebruik, insluitend persoonlike inligting soos omskryf word in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting Nr. 4 van 2013. Persoonlike inligting beteken inligting wat alleen of saam met ander faktore u as persoon identifiseer. Dit sluit inligting in soos u naam, kontakbesonderhede, telefoonnommer, biometriese inligting, registrasienommer en enige ander inligting wat ons versamel.

Ons wil u verseker dat u persoonlike inligting vir ons belangrik is. As deel van ons ooreenkoms om u persoonlike inligting te beskerm, behandel die Vergoedingsfonds alle persoonlike inligting wat ons deur verskillende kanale versamel as privaat en vertroulik. Ons het die nodige voorsorgmaatreëls in plek gestel, ons veiligheidstelsels en -kontroles is ontwerp om vertroulikheid te handhaaf en om verlies, ongemagtigde toegang en skade aan inligting deur ongemagtigde partye te voorkom.

Ons sal nie die persoonlike inligting wat u met ons deel vir enige ander doel gebruik as waarvoor dit bedoel is nie.

Ons sal nie u inligting met enige derde party deel nie, tensy:

- Dit nodig is om ons wetgewende mandaat na te kom soos bepaal in die WVBBS
- Wetstoepassing dit vereis
- Ons 'n openbare plig het om die inligting bekend te maak
- U wetige belange vereis dat dit bekend gemaak moet word of
- U toestemming gegee het vir ons om u inligting bekend te maak.

Voordat ons u persoonlike inligting met enige derde partye deel, sal ons die nodige stappe neem om te verseker dat hulle voldoende maatreëls getref het om te voldoen aan die toepaslike databeskermingswette en die inligting wat ons aan hulle bekend maak, sal beskerm.

